Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

11 Januarie 2017

NUUSBRIEF 1

Geagte Ouers

Na die wonderlike reën die afgelope tyd, glo ek dat ons almal vervul is met ongelooflike dankbaarheid teenoor ons Skepper. Mag ons almal in 2017 Sy seën en voorspoed geniet. Mag ouers, leerders en personeel streef na behoorlike kommunikasie en omgee vir mekaar.

OMSENDBRIEF 1-2017

Ons omvattende omsendbrief wat 'n wyer verskeidenheid sake vir kwartaal 1 hanteer, verskyn op Woensdag, 18 Januarie 2017.

GEBRUIK VAN KERKHEKKIE



Die ouers wat in die oggende gebruik maak van die aflaaifasiliteit op die kerkterrein moet asseblief kennis neem dat die toegangshek in 30ste Laan in die toekoms eers om 06:30 oopgesluit sal word.

KENMEKAAR VRYDAG, 13 JANUARIE 2017

Ons jaarlikse kenmekaaraand vind weer op Vrydag, 13 Januarie 2017 na afloop van ons massa atletiekbyeenkoms om 18:45 plaas. Die oogmerk bly om soveel as moonltik ouers te betrek. Dit neem die vorm van 'n bring en braai aan. Pap, sous en braaivleisvure word voorsien.

ATLETIEK

Ons wil graag die reëlings in verband met die week se atletiek aan u deurgee.

Velditems: (O/10 – O/13)

Op Donderdag, 12 Januarie 2017 vind alle velditemuitdunne verder plaas. Alle leerders wat nie in die vierde kwartaal deelgeneem het nie en belangstel om hul vermoëns teen hul ouderdomsgroep te vergelyk in hoogspring, verspring en gewigstoot moet om 13:45 by die atletiekbaan aanmeld. Die byeenkoms begin stiptelik om 14:00 en eindig om 16:30.

Baanitems: (O/6 – O/13)
Op Vrydag, 13 Januarie 2017 vind alle baanitems plaas. Alle leerders moet om 14:45 aanmeld. Die byeenkoms begin stiptelik om 15:00 en eindig om 18:30. Indien moontlik moet die leerders 'n T-hemp dra in die kleur van sy/haar span. Villiesdrag is ook in orde. Indien die kind se van begin met A – G = geel, H – R = rooi, S – Z = blou. Sou die byeenkoms uitreën, vind die uitdunne op Maandag, 16 Januarie 2017 vanaf 08:00 plaas.

Leerders wat in 'n span opgeneem word, sal 'n individuele skrywe ontvang.

VERKOPE TYDENS MASSA ATLETIEKBYEENKOMS
Die snoepie op die sportgronde sal Donderdag en Vrydag ten volle oop wees. Op beide dae sal daar 'n wye verskeidenheid te ete en drinke aangebied word. Onder andere, koeldranke, water asook Chip 'n Dip, hamburgers, roosterbroodjies en die gewone snoepieprodukte soos pakkies skyfies, lekkergoed ens.

ONDERRIGGELDE VIR 2017

Graad R R900 x 10 maande (Januarie tot Oktober 2017) = R9 000.
Geen reëlings, uitstel of skoolgeldkorting nie.

Graad 1 – 7 R710 x 10 maande (Januarie tot Oktober 2017) = R7 100 vir 1 leerder.
R14 200 x 10 maande = R14 200 vir 2+ leerders.

Nasorgsentrum R450 x 10 maande (Januarie tot Oktober 2017) = R4 500 per leerder.
Geen reëlings of uitstel nie.

NB Eerste paaiement is nou reeds betaalbaar. Ouers wat jaarliks die volle bedrag in bonusmaande vereffen **MOET** dit asseblief skriftelik aan me Cremen deurgee.

Ouers wat jaarliks aansoek doen vir skoolgeldkorting (subsidie) moet asseblief die vorms persoonlik by me Cremen in die finansiëlekantoor kom afhaal. **Geen** vorms sal per e-pos gestuur word nie. **Geen vorms sal aan leerders oorhandig word nie.**

LW **Geen leerder mag met hierdie inligting belas word nie, hierdie is 'n suiwer oueraan-geleentheid. Enige navrae en/of finansiële reëlings word gerig aan me Cremen by** finansies@laerskoolvillieria.co.za

Ons versoek u asseblief vriendelik om die **FAMILIEKODE** wat op u maandelikse staat verskyn te gebruik wanner u elektroniese betalings doen. Indien u enige ander verwysing sou gebruik kan die finansiëlestelsel nie u betaling korrek verwerk nie. U word ook aangemoedig om van ons kaartfasilitiet gebruik te maak wanneer u by die skoolkantoor kom betaal.

TOESLUITKASSIES (Lockers)
Leerders kan vanaf Maandag, 16 Januarie 2017 toesluitkassies by Me Cremen kom bespreek teen R120 elk vir die jaar.

NUUSBRIEWE 2017
Alle Nuusbriewe word slegs per e-pos aan ouers gestuur. Indien u ‘n harde kopìe verlang, stuur asseblief ‘n skriftelik versoek na die klasonderwyser. Maak ook asseblief seker dat die adminkantoor u e-pos adres het en dat dit korrek is. Sou u nie elke week die nuusbrief ontvang nie, doen navraag by die kantoor.

Vriendelike groete

D P HAASBROEK
HOOF